# Toelating tot die verlengde graadprogram in die Fakulteit AgriWetenskappe, en die Departement Veekundige Wetenskappe

Die Verlengde Graadprogram (VGP) is ingestel om studente met bewese potensiaal, maar wat nie voldoende skoolopleiding ontvang het nie, te help om hulle graadprogramme te bemeester. 'n Bykomende jaar van studie wat die gekose hoofstroom graadprogram voorafgaan, vorm saam met die VGP. Die ekstra akademiese jaar dan aangewend om, deur middel van addisionele akademiese ondersteuning, voor te berei vir spesifieke hoofstroom vakke en vir Universiteit studies in die algemeen.

In alle studierigtings in die Fakulteit AgriWetenskappe, met uitsondering van die drie rigtings hieronder, sluit die VGP 'n bykomende studiejaar in alvorens studente met hulle eerste studiejaar van hul gekose hoofstroom graadprogram begin. Die kurrikulum van hierdie studiejaar is spesifiek ontwerp om bykomende akademiese ondersteuning te bied en om die oorgang tussen skool en universiteit te vergemaklik. Studente moet al die modules van die jaar slaag toelating tot die eerste jaar van die hoofstroom program.

In drie van die studierigtings in die Fakulteit, is die VGP saamgestel deur die verspreiding van die eerste jaar van die hoofstroom program oor twee jaar. Die drie studierigtings waarop dit van toepassing is, sluit Landbou-Ondernemingsbestuur, Landbou-ekonomiese Analise en Bestuur, asook Houtprodukkunde, in. Alle voorgeskrewe modules vir hierdie twee jaar moet geslaag word vir toelating tot die tweede jaar van die hoofstroom program.

Enige student wat vir 'n hoofstroom program aanvaar word, kan aansoek tot vir toelating tot die betrokke VGP. Op grond van ŉ student se skool uitslae en/of die uitslae van enige assessering of toets deur die Universiteit soos voorgeskryf, kan 'n student aangeraai of verplig word deur die Fakulteit om die VGP te volg.

Daar kan van studente wat in hul finale Graad 12-eksamen tussen 50% en 57% behaal het, verwag word om die VGP te registreer. Studente wat nie, in terme van een simbool, nie aan 'n program se toelatingsvereistes in een van die voorgeskrewe skoolvakke voldoen nie, kan aansoek doen vir toelating tot 'n program. Indien toelating verleen word, kan daar van die student verwag word om die VGP te volg.

Al die nodige inligting oor die struktuur en kurrikulum van die VGP sal voorsien word aan studente wat vir die VGP wil inskryf of van wie dit verwag sal word om vir die VGP te registreer. Hierdie inligting kan ook van die Fakulteit Sekretaris (ghgamiet@sun.ac.za; Tel +27 21 808 9111.) aangevra word.